

24/71

G.P.A.

D E A T H S E N T E N C E

In the Supreme Court of South Africa In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

24/71

(Appèl DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.
APPÈL IN STRAFSAAK.

NICHOLAS MATHEE

Appellant.

versus/teen

DIE STAAT

Respondent.

Appellant's Attorney Pro Deo Respondent's Attorney A.G. (Cape Town)
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate J.G. Foxcroft Respondent's Advocate P. Yular S.C. & I. Marais
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent

Set down for hearing on 25-5-71
Op die rol geplaas vir verhoor op

(C.P.D.) Comm. van Bork, Holmes et Muller S.A.
9.45 am — 11.00 am
C. v.

Muller A.R. appèl word afgeag.

Van der ...

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

APPELLATE DIVISION

Between:

NICHOLAAS MATHEE Appellant

AND

THE STATE Respondent

Before: Van Blerk, Holmes, et Muller, JJ.A.

Heard: 25 May 1971.

Delivered: 27 May 1971.

J U D G M E N T

HOLMES, J.A.:

I agree with the judgment of my Brother Muller.

Once extenuating circumstances have been found and a trial Judge has a statutory discretion to impose "any sentence other than the death sentence", factors ordinarily relevant for consideration would include the following -


- (a) whether the very circumstances found to be extenuating, e.g. intoxication or provocation, did not in themselves contribute to the brutality of the deed, so that

the element of heinousness should not be emphasised out of perspective;

- (b) whether, in the particular circumstances of the case, the alternative of imprisonment, if necessary for life, would not be regarded by society as an adequate deterrent to others;
- (c) whether the discipline and training of a lengthy period of imprisonment might have reformatory effects, so that the accused's continued existence would not be a real danger to society; and
- (d) whether the evil of his deed is so shocking, so clamant for extreme retribution, that society would demand his destruction as the only expiation for his wrongdoing.

See S. v. Letsolo, 1970 (3) S.A. 476 (A.D.) followed in S. v. Melinda, 1971 (1) S.A. 798 (A.D.) at 803 B.

These considerations are not to be applied as rigid rules of thumb, but as aids in the exercise of a judicial discretion in all the circumstances of a particular case.



G.N. HOLMES

JUDGE OF APPEAL.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

NICOLAAS MATHEEAppellant

en

DIE STAATRespondent

Coram: VAN BLERK, HOLMES et MULLER, A.RR.

Verhoor: 25 Mei 1971

Gelewer: 27 Mei 1971

UITSpraak.

VAN BLERK A.R.:

Met die volgende opmerkings stem ek saam met my kollega Muller dat die appèl van die hand gewys word om die redes deur hom verstrekk.

By die ondersoek of die doodvonnis deur die verhoorregter opgelê by die uitoefening van sy diskresie ingevolge die diskresie verlenende gedeelte van artikel 330(1) van die Strafproseswet is die eindvraag altyd of die doodvonnis 'n gepaste vonnis is. Die feit dat hy nie in sy uitspraak of verslag melding gemaak het van sy siening van die

moontlike uitwerking op die beskuldigde van een of ander van die doelstellings van gevangenisstraf kan nie sondermeer as n wesenlike wanvoorligting die vonnis aanvegbaar maak nie. Dit sou n sinnelose las op n verhoorregter lê om van hom te verwag dat hy al die moontlike uitwerkings op n beskuldigde van al die oogmerke van gevangenisstraf moet tabuleer.

Na aanleiding van die steun geplaas op die gevolgtrekking waartoe hierdie Hof geraak het op die feite van die gewysde S. v. Letsolo oor die misvatting in daardie geval wil ^{dit} voorkom dat die feitlike bevinding aangesien en verhef word _^ tot n regsreël wat van toepassing is op ander sake.

Dit moet ten gunste van die appellant aanvaar word dat die verhoorregter op die grondslag dat dolus directus nie bewys is nie nogtans die doodvonnis opgelê het. Maar die afwesigheid van dolus directus kan nie sonder meer as n versagtende omstandigheid dien nie. In die omstandighede van hierdie saak was die verhoorregter volkome geregverdig om nie sy diskresie daardeur aan bande te laat lê nie.

P.J. van Buerk

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

APPÈLAFDELING.

In die saak tussen:

NICOLAAS MATTHEE APPELLANT.

EN

DIE STAAT RESPONDENT.

Coram : Van Blerk, Holmes et Muller, ARR.

Verhoor : 25 Mei 1971.

Gelewer : 27 Mei 1971

U I T S P R A A K.

Muller, AR. : Die appellant, 'n Nie-Blanke manspersoon, kom in hoër beroep na hierdie Hof ^{teen} 'n doodvonniss wat hom opgelê is vir moord. Hy is in die Kaap Die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling deur Waarnemende Regter Vos en twee assessore skuldig bevind aan die moord van 'n ander Nie-Blanke man, Aubrey Damons.

Uit die oorkonde blyk dit dat die oorledene gedurende die oggend van 8 Augustus 1970 dood aangetref is langs die pad naby Brandwag in die distrik Mosselbaai. Sy liggaam was heeltemal kaal en daar was duidelike beserings aan sy kop. Van sy

klere /2

klere het in die nabyheid gelê. By 'n nadoodse ondersoek is gevind dat daar veelvuldige wonde aan sy kop was, wat moontlik met deur 'n klip toegedien kon gewees het, en dat daar ook veelvuldige kneuswonde oor sy hele liggaam was. Daar was geen skedel-fraktuur nie, en die oorsaak van dood is bepaal as bloeding oor die brein as gevolg van een of meer van die kopbeserings. Verder was daar aanduidings dat daar met die oorledene sodomie gepleeg is.

Hoewel appellant ontken het dat hy hoegenaamd betrokke was by enige aanranding op die oorledene, was daar genoegsame bewyse dat dit wel hy was wat opsetlik die oorledene se dood veroorsaak het; dat hy sodomie met die oorledene gepleeg het en laasgenoemde beroof het van sy geld en skoene. Hy is gevolglik skuldig bevind aan moord.

By die stadium toe oorweging geskenk is aan die vraag of daar versagtende omstandighede was, is appellant vir die tweede maal as getuie geroep en toe het hy uitgekóm met 'n erkenning dat dit wel hy was wat die oorledene aangerand het. Sy verduideliking was dat die oorledene, wat dronk was, vir hom

(appellant) /3

(appellant) gevloek het; dat hy daarop die oorledene met 'n klip teen die kop geslaan het - sy storie was dat hy die oorledene nie meer as een hou toegedien het nie -, en hy het erken dat hy sodomie met die oorledene gepleeg het terwyl laasgenoemde bewusteloos was, en dat hy hom beroof het van sy geld en skoene.

Een van die lede van die hof, 'n assessor, se bevinding was dat daar geen versagtende omstandighede bewys is nie. Die meerderheid van die hof, naamlik, die geleerde Regter en die ander assessor, het egter bevind dat daar wel sodanige omstandighede was. Die omstandighede wat as sulks deur die meerderheid gereken was, was die volgende:

Die aanranding op die oorledene was in die aand, en, volgens die appellant, het hy (appellant) daardie middag twee bottels tuisgemaakte bier gedrink. Op hierdie aspek was die bevinding van die meerderheid dat die appellant tydens die aanranding op die oorledene alleen tot 'n "beperkte mate" onder die invloed van drank kon gewees het.

'n Ander omstandigheid wat ter versagting aangevoer was, is as volg deur Regter Vos bespreek

"Die volgende vraag is dié van provokasie. Die beskuldigde het vir die landdros gesê dat die oorledene hom gevloek het, met die woorde: „Jou ma se moer! Hy het in hierdie Hof, hier op die laaste, dit herhaal, en die Hof bevind dat dit waarskynlik so is, dat die oorledene wel vir hom daardie woorde toegevoeg het. Maar die oorledene was onder die invloed van drank, tot 'n mate van 0.18. Die beskuldigde sê ook dat die oorledene onder die invloed van drank was, en in al hierdie omstandighede kon die uitwerking van daardie aanmerking maar beperk gewees het op die gemoed van hierdie persoon wat seer sekerlik in alle waarskynlikheid nie hierdie aanmerking vir die eerste keer gehoor het nie, en dit komende van 'n dronk persoon. Gevolglik is die bevinding dat, wat provokasie betref, dit 'n geringe faktor is en feitlik 'n kwessie van de minimis is."

En die siening van die meerderheid van die hof aangaande versag-
tende omstandighede is deur die geleerde Regter as volg saamge-
vat:

"Wanneer 'n mens kyk na die totaliteit van die faktore wat moontlik versagting kan wees, dan is dit drank, soos ek genoem het, en provokasie tot 'n heel mindere mate - tot 'n geringe mate. Die kumulatiewe effek is dat daar hierdie faktore is wat gesamentlik tot 'n baie beperkte mate versagting uitmaak."

Nieteenstaande die feit dat daar versagting omstandighede be-
vind is, in die opsigte en tot die mate hierbo genoem, is die

doodstraf opgelê. Daarna is aansoek gedoen om verlof om teen die vonnis te appelleer, en wel op die volgende gronde

"(a) that the learned trial Judge misdirected himself in failing, when exercising his judicial discretion as to what punishment to impose upon Applicant, to pay proper regard to the fact that Applicant had no previous convictions and was only 22 years of age when convicted, and in not considering whether a lengthy period of imprisonment involving discipline and training for Applicant might not as effectively achieve the object which he had in mind in imposing the death sentence;

ALTERNATIVELY:

(b) that for reasons set out in sub-paragraph (a) above, the sentence of death imposed upon Applicant was disturbingly inappropriate - See S. v. Letsolo, 1970(3), S.A.L.R. 476 at 477B (A.D.)."

Die aansoek is deur Regter Vos aangehoor en in 'n skriftelike uitspraak, waarby verlof tot appèl toegestaan is, verduidelik hy as volg:

"The factual position is that I gave careful consideration to the question of punishment and considered all the factors mentioned at that stage by Mr Foxcroft. This was a brutal murder in which the victim was robbed and homosexually assaulted. I considered that this crime merited either the death sentence or a long period of imprisonment, and in deciding which of the two to impose, I was influenced by the following factors:

1. As was pointed out in Rex vs. Roberts, 1957(4) S.A.265, A.D. and in State versus Zinn, 1969(2)S.A. at 542, A.D., society must be

protected against dangerous conduct.

2. As was pointed out in Rex vs. Karg, 1961(1) S.A. at page 236, A.D., punishment must be adequate otherwise the administration of justice may fall into disrepute and injured persons may tend to take the law into their own hands.
3. The sentence must be appropriate as a deterrent against murder for gain and for the gratification of sexual perversion. In this regard compare State vs. Bradbury, 1967(1) S.A. at 395, A.D.
4. The accused was a young man with a clear record and that because of this a long prison sentence might have been appropriate. I did not consciously consider the question of discipline and training, but am well aware that during imprisonment for long periods, prisoners undergo discipline and training and that various offenders are reformed. This is a possibility also in the case of present offender. I put it no higher than a possibility.

After weighing these factors, I concluded that the offence was so serious and reflected such shocking features that the factors attendant upon the person of the accused had, on balance to yield to the other factors mentioned."

Die geleerde Regter gaan in genoemde uitspraak voort met 'n bespreking van die persoonlike omstandighede van die appellant en hy skets dan daarteen die gruwelikheid van die moord en meegaande dade van die appellant. Daarna sê hy

"In short, the personal factors relating to the accused were, in my opinion, outweighed by the other factors. In these circumstances, I am of opinion that I gave

due weight to the personal factors relating to the accused, but in as much as I did not give conscious consideration to his receiving discipline and training and its ultimate possible effect on society, it could possibly be regarded as a misdirection on my part. I may say that if I had consciously considered this aspect, I would, for the reasons already mentioned and for those which follow, in any event have imposed the death sentence. These further reasons are:

1. This crime was particularly heinous;
2. The accused in this case does not have a history of addiction to drink or dagga as obtained in the case of the State vs. Letsolo, 1970(3), S.A. 476 already referred to, and there is no suggestion that his crime was prompted by such an addiction.
3. Accused appears to be a dangerous homosexual and it is not clear whether discipline and training will reform him. On the other hand, it is of course possible that such discipline and training may reform him.
4. On slight balance, as Mr Vivier pointed out, despite the strictest security there would be a risk that he might homosexually assault and murder a fellow-prisoner in gaol."

Ook voor ons is die appèl teen vonnis op 'n tweeledige basis aangevoer - naamlik, so is betoog, dat die Verhoorregter by vonnis^oplegging 'n mistasting begaan het, en dat die vonnis onder die bepaalde omstandighede treffend onvanpas is.

Die stelling dat daar 'n mistasting was, is op verskillende gronde gemaak. Eerstens is betoog dat die geleerde Regter

fouteer het deurdag hy, so is gesê, nie genoeg waarde geheg het nie aan die feit dat die appellant net 22 jaar oud is en die feit dat hy 'n eerste oortreder is. Na my mening is daar egter geen meriete in hierdie betoog nie. Nie alleen sê die geleerde Regter in sy uitspraak op die aansoek om verlof tot appèl dat hy wel hierdie omstandighede behoorlik in ag geneem het, maar dit blyk duidelik uit sy uitspraak by vonnisoplegging dat dit wel die geval was. Daar het hy gesê

"Ek neem ook in ag dat jy 'n man van 22 jaar oud is - heel jonk - en staan feitlik aan die begin van jou lewe. Jy was nog nie, sover vasgestel kan word en ook weens jou skoon rekord, in enige moeilikheid nie."

Ek sien geen regverdiging vir die aantyging dat, hoewel die Verhoorregter genoemde omstandighede oorweeg het, hy nie genoegsame waarde daaraan geheg het nie.

Tweedens is daar, ook met betrekking tot die bewerings van mistasting, betoog dat die Verhoorregter nie behoorlik aandag geskenk het nie aan al die oogmerke van straf wat in oorweging behoort te kom by vonnisoplegging. In hierdie verband was die betoog dat daar nie genoegsame oorweging was nie van die

moontlikheid van hervorming van die appellant indien 'n lang tydperk van gevangenisstraf opgelê sou word wat die voordeel van opleiding en aanleer van dissipline vir hom sou inhou.

Die appellant se advokaat het die voordele van opleiding en aanleer van dissipline in die gevangenis benadruk, en sy betoogen opsigte daarvan aangeknoop by die Verhoorregter se verduideliking dat, hoewel hy, vanweë die appellant se ouderdom en die feit dat hy 'n eerste oortreder is, oorweging geskenk het aan die gepastheid van 'n lang termyn van gevangenisstraf, hy tog moontlik in die volgende opsig fouteer het

"I did not consciously consider the question of discipline and training, but am well aware that during imprisonment for long periods, prisoners undergo discipline and training and that various offenders are reformed. Inasmuch as I did not give conscious consideration to his receiving discipline and training and its ultimate possible effect on society, it could possibly be regarded as a misdirection on my part."

Op 'n enge teoretiese benadering mag hierdie gebeure as 'n mistasting beskou word, maar, realisties gesien, is dit in werklikheid nie so nie. By die vasstelling van 'n gepaste vonnis in 'n bepaalde saak moet die basiese oogmerke van straf -

afskrikking, voorkoming, hervorming en vergelding - oorweeg word in die lig van die omstandighede van die misdadiger en die besondere omstandighede van sy daad (S. v. Whitehead 1970(4)S.A. 424(A) op bls. 436). En ek meen dat daar in die onderhawige saak wel genoegsaam aan daardie vereiste voldoen is. Die geleerde Regter het nou wel nie in sy uitspraak by vonnisoplegging die verskillende oogmerke van straf genoem of ontleed nie, maar dit word selde in so'n uitspraak gedoen. Hy het, soos hy sê, die moontlikheid van gevangenisstraf oorweeg, veral vanweë die ouderdom van die beskuldigde en die feit dat hy 'n eerste oortreder is, maar het gevoel dat so'n straf, in die lig van die omstandighede van die misdaad, nie 'n gepaste straf sou wees nie. Hy was bewus, soos hy sê, en soos dit ook van enige ~~regterlike beampte~~ ^{regterlike beampte} verwag word, dat gevangenisstraf die moontlikheid van hervorming bied maar het, soos hy erken, nie in sy gedagte al die faktore ontleed wat in die gevangenis tot hervorming meewerk nie, welke faktore dissipline en opleiding insluit. Daardie omstandigheid bied egter nie grond vir die stelling, soos aan ons gemaak, dat hy een van die oogmerke van straf,

11.

naamlik die moontlikheid van hervorming, buite rekening gelaat
het nie.

Daar is gevolglik, na my mening, geen grond vir die
betoog dat die geleerde Regter by oorweging van wat, onder die
besondere omstandighede, 'n gepaste vonnis sou wees, ^{werklik} ~~maklik~~ 'n
mistasting begaan het nie.

In die alternatief, het die advokaat vir die appellant,
met verwysing na besliste sake, waaronder S.v.Letsolo 1970(3)
S.A.476(A) op bls. 477 en S.v. Whitehead (supra) op bls. 436,
betoog dat die doodstraf in die onderhawige geval treffend
onvanpas ("startlingly inappropriate") is. In hierdie verband
het hy op die volgende gewys:

(a) dat die appellant 22 jaar oud is en 'n eerste
oortreder is;

(b) dat hy byna geen skool-opleiding gehad het nie
en kort van humeur is;

(c) dat daar versagtende omstandighede bevind is;

(d) dat /12

(d) dat die Staat nie bewys het dat daar dolus directus by die misdaad was nie.

Wat genoemde faktore betref, dien daar gelet te word dat, soos hierbo aangedui, die meerderheid van die hof alleen 'n "baie beperkte mate van versagting" in die omstandighede bevind het. Na my oordeel, dra daardie omstandighede, in die totale omvang van wat oorweeg moet word, maar geringe gewig.


Betreffende die vraag of daar dolus directus was, het die verhoorhof dit nie verder geneem dan om te sê dat "die Hof geneig (is) om te dink dat daar waarskynlik wel dolus directus was." Uit die aard van die veelvuldige beserings wat aan die oorledene toegedien is, en die feit dat hy kaal in die veld gelaat is om te sterf nadat daar in sy beseerde en bewustelose toestand met hom sodomie gepleeg is en hy beroof is, is ek van mening dat daar genoegsame aanduidings van dolus directus is.

As die appellant se persoonlike omstandighede, tesame met die geringe mate van versagting wat daar bevind is, opge- weeg word teen die afskuwelike misdaad met die bygaande dae

13.

wat gepleeg is, en die omstandighede waaronder dit plaasgevind
het, dan is die vonnis wat opgelê is glad nie onvanpas nie.

Die appèl word afgewys.


G. v. R. Muller

Appèlregter.

Van Blerk, AR.

Stem saam.

Holmes, AR.